

5 April

Skrifgedeelte: 2 Kronieke 9:1–12

Fokusgedeelte: 2 Kronieke 9:8

Aan God alleen die eer!

Vanuit die Reformasie tot vandag toe word die vyf pilare van die Christelike geloof erken as: alleen die Woord, geloof alleen, genade alleen, Christus alleen, en aan God alleen die eer. Of dit teen die Rooms-Katolieke leer was, en of dit teen die humanisme of watter ander huidige ideologie ook al is, hierdie waarhede wil steeds die fokus weg van die mens op God en sy weldade aan ons, rig. Nie die mens en al sy prestasies staan in die middelpunt nie, maar God in al sy liefde.

Dit was die opregte hartsbelydenis wat die koningin van Skeba kon maak, by die aanskoue van al Salomo se wysheid en weelde. Toe die berigte haar koninkryk bereik het van hierdie koning en die wyse waarop hy regeer, moes sy eenvoudig net kom kyk. En sy staan verstom. Sy sê: Wat ek in my land oor u en u wysheid gehoor het, is waar. Ek het dit nie geglo nie, totdat ek dit nou self gesien het. U het alles wat ek gehoor het, ver oortref. En dan bely sy: Geloof sy u God, die Here, wat aan u soveel liefde bewys het. Dit is omdat God vir Israel liefhet dat Hy u as koning aangestel het om orde en reg te handhaaf.

Sy het ander gode aanbid, maar sy moes toegee dat Israel se God anders was. Sy moes Salomo en die volk se geloofsvertroue in hulle God erken. En sy beskryf hierdie God as 'n God van liefde. Deur die manier waarop Salomo geregeer het, hoe hy sy wysheid verklaar het, hoe hy en die volk in hulle handeling met God geleef het, laat 'n buitestaander sien en erken: Gee eer aan God, dit is deur sy liefde dat julle so kan leef.

Dit is hierdie fokus op God alleen wat Jesus aan ons kom leer in sy bergprediking: Laat julle lig so voor die mense skyn, dat hulle julle goeie werke kan sien, en julle Vader wat in die hemel is, verheerlik. Mag ons woorde en werke elke dag ook hiervan getuig. Dat ons nie óns eie eer sal soek nie, óns wil probeer laat geld nie, maar só lewe dat andere uit ons lewens die liefde van God mag raaksien. Aan Hom alleen die eer!

Sing: Psalm 99:1, 5

Ds WGM Kotze (Rooihuiskraal)